SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: BEELD

Date: 09-Mar-2004

Topic: 25

Ref No: 1582

1

ID: 03066123-01

Source Page: 10

# Onderwys-krisis word net ál groter

## Stappe nodig om jong mense na edel beroep te lok



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Waar gaan die volgende generasie onderwysers vandaan kom?

Suid-Afrika stuur af op 'n maatskaplike krisis. Daar is tans 'n tekort aan 25 000 gekwalifiseerde onderwysers in die nasionale onderwysstelsel.

Dié krisis dreig reeds geruime tyd en is vererger deur die sluiting van onderwyskolleges wat vir die opleiding van meer as 100 000 onderwysers regoor die land verantwoordelik was.

Ondanks die krisis doen die regering min om dit 'n nasionale prioriteit te maak.

Universiteite wat nou die grootste getal onderwysstudente lewer, het 'n skerp afname gehad in nuwelingonderwysstudente. En die probleem gaan vererger. Konserwatief geskat is meer as 20% van onderwysers in die stelsel MIV-positief. Dit beteken 'n groot uitvalsyfer weens sterftes én ongereelde skoolbywoning weens swak gesondheid.

In die huidige tempo waarin nuwe onderwysers opgelei word en die agterstand in getalle weens die min studente wat inskryf, gaan dit dekades duur voordat die onderwysstelsel herstel. Dit laat die vraag ontstaan waar die volgende generasie gekwalifiseerde en bevoegde onderwysers vandaan gaan kom.

Dit is egter nie net die voorsiening van nuwe onderwysers wat tot die probleem bydra nie, maar ook die feit dat meer as 70 000 onderwysers in die stelsel onder- of ongekwalifiseer is.

Arbeidswetgewing maak dit onmoontlik om sulke onbekwame onderwysers uit die stelsel te skop.

Maar iets kan aan die probleem gedoen word. Die regering moet dringend provinsiale beurse vir studente instel wat onderwysers wil word. Die stelsel waarin beurse toegeken word op grond van die ouers se inkomste is onvoldoende.

Gegewe die erns van die krisis maak dit sin dat die regering oor die volgende vyf jaar beurse moet gee aan enigiemand wat 'n onderwyser wil word.

Universiteite sal innoverende maniere moet vind om die volgende generasie onderwysers voor te berei. Dit sluit in 'n belegging in die tegnologie van onderrig en assessering, langer indiensopleiding vir studente by skole en groter vertroue in mentor-onderwysers wat toesig oor studente kan hou.

Ouers moet ook onderwys as 'n positiewe beroep onder hul kinders aanmoedig.

Daar is vir seker baie om oor bekommerd te wees in ons skole: Beleidskeuses van die regering het die professionalisme van veral bevoegde onderwysers aan bande gelê; die vlaag kurrikulumveranderings sedert 1998 het 'n generasie leerlinge opgelewer wat beroof is van basiese taal-, wiskunde- en wetenskapvaardighede; die eksamengedrewe kultuur in veral gr. 11 en gr. 12 vernietig die rykdom van leer waarmee jong mense hulle in dié stadium besig behoort te hou.

Om die onderwysstelsel deurentyd as 'n gemors uit te beeld, maak die beroep vir kinders onaantreklik.

Op die oomblik oorstroom studente ekonomiese en bestuursfakulteite. Elke siel wil 'n MBA doen, terwyl die slimmes dink hulle is vir aktuariële wetenskap of finansiële wiskunde bestem.

Die gejaag na geld het jong mense laat begin dink persoonlike en professionele vervulling lê in 'n vet banksaldo.

Geen wonder ek sien al hoe meer studente in hul tweede jaar in rigtings soos ingenieurswese, ekonomie en tandheelkunde wat dié dissiplines verlaat om vir onderwys in te skryf nie.

Die probleem het egter baie fasette. Die huidige eerstejaarsklas van onderwysstudente aan Suid-Afrikaanse universiteite is oorwegend wit en vroulik. Daar is niks mee verkeerd nie en dié verbintenis van jong vroue in hoërskole moet bewonder word. Maar wat van mans as rolmodelle in die klaskamer en op die sportveld?

Daar is ook 'n ernstige afname in die getal swart studente wat onderwys oorweeg. Die meeste skole in die land sal voortaan op 'n grootliks swart onderwysersmag moet staatmaak. Maar dieselfde skole sal oor die volgende 20 tot 30 jaar 'n geïntegreerde onderwysersmag nodig hê.

Die Universiteit van Pretoria (UP) het met 'n veldtog begin om mans na die onderwys te lok, om jong vroue te behou en belowende swart matrikulante te werf vir dié edele beroep.

Die rol van ouers is deurslaggewend. Op 'n primitiewe vlak is dit bloot 'n kwessie van selfbelang: Wie sal ons kinders en kleinkinders in die toekoms onderrig?

As ons as ouers jong Suid-Afrikaners nie aanmoedig om die edele beroep te kies nie, het ons geen reg om te kla as die taak deur Kubaanse onderwysers oorgeneem word nie.